RAPPORT, Loopbane
Sunday, 4 October 2009, p. 5

# Maties se fokus is globaal

Dit word algemeen aanvaar dat 'n sakeskool bestuurders vir 'n spesifieke land of streek moet voorberei en leiers moet ontwikkel wat in enige deel van die wêreld kan werk.

"Die globale werklikheid van die wêreld waarin ons werk, het aansienlik verander," sê prof. Wim Gevers, direkteur van die MBA-program aan die Universiteit Stellenbosch-bestuurskool (USB). "Hiermee saam is daar 'n behoefte vir 'n nuwe generasie leiers met 'n globale fokus en geïntegreerde vaardighede.

"Gevolglik het ons veranderinge aangebring aan hoe ons MBA-program verpak en aangebied word om te verseker dat dit in pas bly met die voorste MBA-programme ter wêreld. Ons plaas meer klem op die geskrewe en verbale kommunikasievermoë van ons studente. Ons het ook meer gefokus op die ontwikkeling van leierskapsvaardighede. Dit word gedoen deur 'n omvattende geïndividualiseerde leierskapontwikkelingsproses."

Die USB MBA bied 'n vaste teoretiese basis vir praktiese toepassing in die reële wêreld van bestuurs- en leierskapbevoegdhede in enige sakesektor in Afrika en die globale sakegemeenskap.

Die USB is die enigste universiteitsbestuurskool in SA met twee internasionale akkreditasies – Equis (van die Europese stigting vir bestuursontwikkeling) en Amba (van die vereniging van MBA's). Dit is een van slegs twee Afrika-bestuurskole met A-gradering vir die Franse Eduniversal Official Selection (2008).

Die USB het vennootskappe met 66 internasionale bestuurskole van oor die hele Europa, Brittanje, Asië, Australië, Amerika en Suid-Amerika. In Afrika het die USB 'n teenwoordigheid in Wes-Afrika, met 'n kantoor in Nigerië.

"Internasionale groepe kom hierheen om meer te leer oor hoe akademiese bestuursteorie in 'n bestel soos Suid-Afrika toegepas kan word," sê Gevers.

Volgens Gevers moet bestuurders en leiers die vermoë hê om in vandag se mededingende sakewêreld doeltreffend met aandeelhouergroepe om te gaan.

Die USB se MBA-program word in drie formate aangebied – voltyds oor een jaar, deeltyds (aandklasse) oor twee jaar en modulêr (een oriënteringsessie en tien blokke van ses dae elk) oor net meer as twee jaar.

Kontak die USB se toelatingskantoor by 0860USBMBA of usbcom@usb.ac.za oor die MBA-program wat vroeg in 2010 begin. Besoek www.usb.sun.ac.za vir meer inligting. Inskrywings sluit op 30 November 2009.